## GEDENKSAALTJIE OP MIDDELBURG, TRANSVAAL

Vlak langs die Tegniese Hoërskool van Middelburg staan daar 'n klein vaal geboutjie. Met die eerste oogopslag kan 'n mens sien dat dit lanklaas gebruik is. Die gras groei welig terwyl die rooibessieboom trag om die vuil gebreekte ruite in die venster vir die oog van die verbyganger te verberg.

As 'n mens nader gaan, stap jy langs die lendelam klok verby, wat so verroes is dat dit onwaarskynlik lyk dat dit nog enige geluid kan voortbring en die versoeking is groot om aan die ketting te hang.

Die deur is nie eens gesluit nie en gaan sommer oop. Binne is net stof, spinnekoppe en muise. Daar is nege ou lendelam kerkbanke — in die een hoek lê 'n plakaat van 'n vorige kerkbasaar, terwyl die muise die grootste deel van lied 245, „As die lewensstorme woedend om jou slaan," opgeëet het. Hierdie kaart is seker vroeër gebruik vir sang by kerkdienste. Die saal is 27 vt. by 54 vt. terwyl die vierkantige konsistorie 12 vt. in deursneë is. In elke lang muur van die saal is 4 vensters met 'n klein venstertjie aan weerskante van die deur.

Die hoeksteen is helaas in die 1914-1918 oorlog so beskadig dat die inskripsie haas onleesbaar is:

11 Oct. 1899- . . . . . Mei 1902.
Gele(g)d door
Mev. A. P. Burger(s)
Feb.........................................
Jer(r) XLVIII

Dit is die gedenksaaltjie op Middelburg, Transvaal en is opgerig ter herdenking van die 1,100 (ander sê 1,400) kinders en vroue wat daar in die konsentrasiekampe gesterf het. Oor die oprigting is daar weinig te vind in die kerknotules van 1902-1907 (die brieweboek vanaf 1903-1912 ontbreek) en wyle dr. Keet, die argivaris van die N.G. Kerk, het dit toegeskryf aan die feit dat daar toe, so kort na die oorlog, nog nie openlik oor sulke dinge gepraat is nie. Die volgende uittreksels is wel in die notule gevind: „Aan de orde gesteld de behoefte aan een gebouw aan gene zyde van het spoor. Word toegestaan dat ervoor het geld in handen nl. £103 en zoveel de com. er by krygen kan een gebouw op het aangekochte erf op te rigten. De predikant en dorps kerkraadslieden dien als com.."[1]

Die saaltjie is gebou op burgererf no. 660. Hierdie erf word genoem onder 'n lys van kerkeiendomme.[2]

Sommige meen dat die kerkie staan op die vuurmaakplek van die hospitaal en die konsentrasiekamp terwyl ander meen die hospitaaltent of dodetent het daar gestaan. Oom Hans Bekker was toe omtrent elf jaar oud

1. Kerkraadsnotule, 23 Nov. 1903, bl. 108.
2. Kerkraadsnotule, bl. 114-115.



en 'n kampseun, en alhoewel hy nie baie seker is van die posisie van die hospitaal in die eerste kamp nie, is hy tog seker van die posisie van die kampe as sulks. Volgens die feit dat die kerkie op die plek staan waar die hospitaal was, is die posisie van die hospitaal in kamp no. 1 aan die teenoorgestelde kant, en dus langs die treinspoor.

Die geld vir die bou van die saal is ingesamel deur mev. ds. A. P. Burger. Die werksplanne is ontwerp deur mnr. C. W. Ueckerman, hy het ook toesig gehou oor die bouery. Hierdie planne is nog in besit van mnr. H. Visser, Posbus 75, Britstown, KP.

Eers is die saal gebruik as 'n kerkie, maar later vir godsdienstige funksies, ens. Dis getransporteer op die naam van die N.G. Kerk en is ook deur die gemeente in stand gehou. By die afstigting van Middelburg-Suid-gemeente is die kerkie as deel van hul bruidskat aan hulle oorhandig. Aanvanklik is dit vir kerk gebruik. Vir 'n aantal jare word die kerkie nou nie meer gebruik nie en is in 'n vervalle toestand. Dit is geleë langs die Hoër Tegniese skool en daar was sprake dat die geboutjie deur hul gekoop en gesloop sal word om verdere uitbreidings daar te stel. Die gemeente was ook geneë om dit te verkoop omdat hul nog swaar skuldelaste gehad het na die bou van die nuwe kerk. Die plan het egter hewige teenstand van die kant van die Kultuurverenigings en ander liggame uitgelok. Die kerkraad het ook 'n brief van mev. Burger se kinders gekry waarin hulle versoek dat die kerk vir die nageslag behoue moet bly. Intussen het invloedryke persone in Middelburg ingegryp en die saak by die betrokke minister aanhangig gemaak, en is die moontlikheid dat die kerkie as Nasionale Monument verklaar sal word, groot. Verder het senator MacDonald hom beywer om die kerkie in stand te hou.

Daar is sprake dat die saaltjie in 'n museum vir oudhede uit die Drie-jarige oorlog omskep sal word. Dit sal groot aftrek vind by die

omgewing se mense wat hul sal beywer om die versameling oudhede so volledig moontlik te maak.

*Inligting:*

Mnr. H. BEKKER, Bus 9, Standerton.
Ds. C. A. DU PLESSIS, Fonteinstraat 20, Middelburg.
Mnr. GRUNDLING (Middelburg).
Ds. W. H. S. BARNARD, Kerkstraat 31, Middelburg.
N.G. KERK-ARGIEF. Dr. KEET (argivaris).
Mev. UECKERMAN (eggenote van die argitek).

Mej. M. D. Steyn.